MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The *Murraysburger* is also available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop.

Contact details on page 2

Feb 2012
R3.00
No 11

MURRAYSBURG SE EIE KK EN K

Op 1 Desember 2011 het Murrays-burg se eie KK en K sy deure in Voortrekkerstraat 15, die huis wat Jan-Hendrik Swiegers so mooi opgeknap het, geopen. Dis nou weliswaar nie 'n kunstefees nie, maar ‘n gesellige kuier- en bymekaarkomplek, genaamd die Kweperlaan, waar heerlike gebakte koek en goeie koffie, tee of gemmerbier bedien word.

In die koel, ruim vertrekke van die mooi Karoohuis, smaakvol gemeubileer en versier deur die eienaars van die onderneming, Jenny Ballantyne en Marietta Theron, kom die tipiese Karoo-artikels, soos byvoorbeeld sybokhaarprodukte, egte donskomberse, verekussings, professioneel gebreide velle en tuisgemaakte konfyte, lekkers, koekies en so meer, keurig verpak, mooi tot hulle reg. Dit is nie maar net nog 'n koffie- en geskenkwinkel nie, want alles getuig van sorg en styl.

Plaaslike kunstenaars het nou 'n ideale uitstalruimte vir hulle werk. Die pragtige houtmotors en –trekkers wat René Theron met groot sorg vir die kleinste detail vervaardig, is nie net mooi uitgestal nie, maar sterk en duursaam selfs in die argelose handjies van kleuters. Daar word gepoog om blootstelling aan die kreatiewe werk van meer en meer plaaslike inwoners te gee.

Aangesien verskeie vertrekke van die ruim huis benut word, kan vergaderings en kleiner byeenkomste of verjaarsdagvieringe in die Kweperlaan en sy tuin aangebied word. Die distrik is groot en yl bevolk en is dit dus 'n ideale, sentrale bymekaarkomplek vir onder andere instansies soos die boek- en tuinbouklubs. So het die plaaslike Omgewingsforum sy eerste vergadering van die nuwe jaar met groot vrug in die Kweperlaan gehou.

Die Kweperlaan voorsien in verskeie behoeftes van die dorp en daar word geglo dat die plaaslike gemeenskap hulle eie **"Kweperlaan, Koffie en Koek"** van ganser harte sal benut en ondersteun.

Mette Kromhout

Boekklub kom in die Kweperlaan byeen

Opgewonde boekklublede het verlede Woensdag vir die eerste keer die Kweperlaan as bymekaarkomplek beproef en dit het aan hulle stoutste verwagtinge voldoen.

Dit was heerlik om na die lang somervakansie in 'n mooi omgewing gasvry deur Marietta Theron en Jenny Ballantyne ontvang te word. Rykie de Klerk, wat vir die middag se reëlings verantwoordelik was, het nie nodig gehad om al die klub se klomp boeke rond te karwei nie, aangesien hulle sommer in 'n boekrak in die Kweperlaan gehuisves word.

Die keuses van die aanbieder is altyd interessant en konfronteer die lede dikwels met boeke, wat hulle nooit self in die hand sou geneem het nie. Sodoende kry die lede die geleentheid om wyer te lees as wat hulle normaalweg sou. De Klerk het Irma Joubert se TUSSEN STASIES, Sophia Kapp se DIE TUISKOMS en THE NEXT ALWAYS van Nora Robberts bekendgestel. Dit is gebruiklik dat daar elke maand Afrikaanse sowel as Engelse boeke aangekoop word.

Nie net De Klerk se aanbieding nie, maar veral die gesellige atmosfeer van die Kweperlaan sowel as sy heerlike cappuccino’s, filterkoffie, gemmerbier en ander eet- en drink-goed het daartoe bygedra dat die dames sleepvoet huis-gekeer het.

Die Kweperlaan se geriewe sal beslis ook deur ander instansies vir vergaderings gebruik word.

Mette Kromhout

Elma Immelman, Elsje Kruger, Maryn de Klerk en Susanna van der Merwe tydens die Januarievergadering van die Murraysburg boekklub in die Kweperlaan

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za / jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VAN DIE REDAKSIE .....

Hallo almal, hier's ons weer .....

Sedert ons laas gesels het, het Kweperlaan sy deure 'amptelik' oopgemaak en is dit 'the talk of the town'! Ek en Jenny het nog groot planne, so 'watch this space'! Maar enige idees en voorstelle is baie welkom, so laat waai. Ek wil sommer nou al vra, as daar mense is wat groot hoeveelhede kwepers het, kontak ons asseblief. Ons wil regte, outydse kweperlekkers maak – ons moet darem ons naam gestand doen! En sommer kweper atjar ook en wie weet wat nog. Intussen het ons lekker ingelegde groen vye en olywe en olyfolie uit Prins Albert se wêreld ingekry. En plaaslike moerbei- en appelkooskonfyt asook Turkish Delight en Nougat en tuisgemaakte sjokolade fudge, en... en... en... so kom loer gerus in.

In hierdie uitgawe is ook interessante statistieke oor besoeke aan Murraysburg se webwerf, aan ons verskaf deur ons eie webmeester(es), Adri Smit - so ons is besig om bekend te raak elders. Lees gerus ook die artikel oor die Agape voedingsprojek gedurende die afgelope skoolvakansie waarvan ons verlede maand 'n collage geplaas het. Lekker lees.

Marietta

Isabel van Heerden vier 92 jaar

Isabel van Heerden, een van Huis Spitskop se oudste en geliefde inwoners , het op 29 Januarie haar 92 ste verjaarsdag in goeie gesondheid gevier.

Haar ouers het op die plaas Snyderskraal, net buite die dorp op die Richmondpad, geboer en sy was die jongste van vier kinders, drie susters en 'n broer. Nadat sy die eerste jare van haar skoolopleiding op Murraysburg ontvang het, het sy aan die Hoër Meisieskool La Rochelle in Paarl gematrikuleer.

In 1942 begin die jong Isabel van Heerden 'n loopbaan in diens van die poswese by die sentrale op Riversdal. Aangesien sy lid van die aflosspan was, het haar werksverpligtinge haar na verskeie dorpe en stede soos Robertson, Mosselbaai, Hutchinson, Tulbagh , Johannesburg en Bloemfontein geneem.

Na die dood van haar vader in 1954 het die gesin die plaas verlaat en hulle op Murraysburg gevestig en het Van Heerden op Murraysburg begin werk om die gesin beter by te staan. Sy het later haar siek moeder en twee susters liefdevol versorg en die huishouding waargeneem.

Van Heerden se hande is steeds altyd besig en benut sy elke moontlike oomblik om te hekel. Sy is bekend vir die pragtige dooprokke en groot tafeldoeke met ingewikkelde patrone wat sy onverpoosd maak. Selfs nou op 92 is die hekelwerk altyd byderhand en is sy nooit ledig nie. Haar verstand is helder en sy kan onderhoudend gesels.

Dat Van Heerden nog self haar inkopies doen en haarself onafhanklik in haar woonstel in Huis Spitskop versorg, is grootliks aan haar ysere wil en deursettingsvermoë te danke. Sy gaan stap daagliks ongeag die weersomstandighede en

bedank hoflik elke aanbod om saam dorp toe te ry. Sy maak gebruik van elke geleentheid om by die groot familie in die Kaap of elders in die Karoo te gaan kuier, terwyl die meeste ouer mense, veel jonger as sy, hulle eie omgewing en beddens verkies.

Nadat sy enkele jare gelede haar arm gebreek en haar dokter haar daarop voorberei het dat sy nie weer sal kan hekel nie, het sy vasberade eers met dik breipenne en dik hekelpenne haar arm en hand doelgerig maar moeisaam begin oefen en kort voor lank kon sy weer met dun nommer 8-hekelgare werk. Voorwaar 'n besondere vrou!

Alle Murraysburgers wens Isabel van Heerden 'n mooi en gesonde nuwe lewensjaar toe!

Agape-voedingsprojek bring nuwe HOOP

Toe Erna Swanepoel, 'n inwoner van die dorp wat glad nie by die plaaslike skole betrokke is nie, verneem dat die amper 1 500 kinders wat daagliks 'n voedsame ete deur die skole se voedingskema kry, gedurende die vakansie sonder dié ete sal moet klaarkom, het sy net geweet dat sy iets daaromtrent moet doen, alhoewel sy nie 'n idee gehad het van waar fondse en hulp bekom sou kon word nie.

Sy het haar bekommernis een aand terloops teenoor 'n gas in die gastehuis, wat sy bedryf, genoem en hierdie persoon het onmiddellik besluit om die geleentheid om 'n verskil in die lewe van kinders te maak, te benut. Met die hulp van vriende van die weldoener, wat verkies om anoniem te bly, is R150 000 vir die voedingsprojek geskenk en kon Erna Swanepoel al haar aandag aan die praktiese reëlings om gedurende die vakansie 33 649 etes aan 1463 kinders te verskaf, wy.

Op versoek van Swanepoel het die VGK 'n komitee saamgestel en sy geriewe beskikbaar gestel Vyf ander kerklike instansies is genader om vrywilligers onder hulle lidmate te werf om in spanne bestaande uit ses dames en ses mans te help om die kos voor te berei en uit te deel. Die vrywilligers van die ses betrokke denominasies het mekaar afgelos om telkens 'n dag saam met die basiese span van die VGK die projek ten uitvoer te bring.

Daar is op vier voedsame spyskaarte besluit en die voorrade deur die plaaslike koöperasie aangekoop. Johannes van Heerden, bestuurder van die koöperasie, en Koos Plaatjies het geen moeite ontsien nie om te sorg dat die baie ekstra voorraad betyds bestel en afgelewer word, al het dit by tye krisisbestuur te midde van verbouings by die koöperasie geverg. Geen moeite was vir hulle te veel nie.

Hierdie projek, wat slegs weens gebedsverhoring gestalte kon kry, was veel meer as net 'n poging om honger kinders te voed. Dit is asof almal, wat met vrolike gospelmusiek in die agtergrond saamgewerk het, dit met 'n nuwe lied in die hart gedoen het. Wanneer Swanepoel soggens om 6:00 by die VGK-kerk aangekom het, was die begeesterde Jasper Hollander, hooforganiseerder, reeds volstoom aan die gang en gou is die vrywilligers in 'n produksielyn georganiseer en het elkeen presies geweet wat van hom verwag word. Die kinders het sonder veel moeite, nadat hulle eers hulle hande gewas het, in ordelike rye hul beurt afgewag en die dankbare en bly gesiggies het die werkers van die harde werk laat vergeet. Teen 14:00 elke dag was almal versorg en het selfs 'n klompie oumense, wat opgedaag het, ook elkeen 'n maaltyd ontvang.

Aldus Swanepoel was dit vir haar 'n openbaring om te sien hoe die vrywilligers die projek hulle eie gemaak het en sy uiteindelik slegs 'n koördinerende rol hoef te speel. Daar was 'n warm gees van gemeensaamheid, vriendelikheid, lag en grappies en is daar hegte bande gesmee tussen die verteenwoordigers van die ses verskillende denominasies. Die samebindende faktor was nie net 'n omgee vir kinders nie, maar ook 'n diepe dankbaarheid jeens die Skepper, wat alles moontlik gemaak het.

Die hoofborg en van sy familielede het vir 'n aantal dae die projek besoek en hy het vir die kinders kort bedieningsessies met aksieliedjies aangebied. Op Kersdag het elke kind nie net 'n rooi T-hemp ontvang nie, maar ook iets van Sy Liefde beleef.

Uiteindelik het die Agape-projek veel meer bereik as om honger kinders te voed, want daar is bewys dat Christene van uiteenlopende denominasie kan hande vat en wondere verrig. Dit het hoop gebring dat Christene wyer as in Murraysburg kan saamwerk.

Mag meer mense soos Swanepoel groot drome om 'n verskil in Sy Naam te maak, droom!

Mette Kromhout

OLD IS WHEN … You don't care where your spouse goes, just as long as you don't have to go with.
What has four legs and an arm? A HAPPY DOG.
Notice in a Doctor's office, Rome: SPECIALIST IN WOMEN AND OTHER DISEASES.

GETUIENIS UIT DIE KAROO

'N SPOOR VAN WARMTE

Toe hy (Laban) hoor dat Jakob sy susterskind is,
het hy na hom toe gehardloop, hom omhels en gesoen (Genesis 29:13).

Nie lank gelede nie bly ek saam met Deense besoekers oor by 'n gasteplaas in die Karoo. Hulle is beïndruk. Die kamers is keurig ingerig, die tuin 'n lushof en boonop is daar 'n swembad – 'n lafenis teen Januarie se versengende hitte. Hulle kinders kan nie genoeg hiervan kry nie.

Wat hulle egter nog meer beïndruk en aanraak, is die gasvrou se manier van optrede. Sy is 'n tradisionele tuisteskepper wie se lewensmotto van versorging en gasvryheid oor jare gegroei het tot 'n lewenstyl. En dit is tasbaar. Sonder om in te meng, is sy altyd naby met 'n vriendelike glimlag en 'n sagte vraag, net om seker te maak dat almal tevrede en gerieflik is. Af en toe gaan sy selfs 'n bietjie verder – sy raak aan haar gaste, liggies, maar net genoeg om te kommunikeer: Ek is hier, ek gee om …

Nie almal hou van menslike aanraking of omhelsing nie. Vir baie se gevoel is dit té naby, 'n oorskryding van grense. Soos een vrou dit eenmaal skerp gestel het: "Ek haat dit as mense gedurig aan my vat." En tog – en daarteen kan min stry – wanneer aanraking en omhelsing opreg is en met sensitiwiteit en selfs styl gedoen word, laat dit onvermydelik 'n spoor van warmte en menslikheid.

Hoe nodig het ons dit nie vandag in 'n samelewing gekenmerk deur selfsug, grypsug, verdeeldheid en wantroue nie – een wat soms killer is as die Karoo se snerpende koue! Geen wonder nie ons gasvrou se aanraking was een van die Dene se skerpste indrukke.

Carel Anthonissen

MURRAYSBURG WEBSITE VISIT STATS FOR 2011

Month	Unique visitors	Number of visits	Pages	Bandwidth
Jan 2011	0	0	0	0
Feb 2011	0	0	0	0
Mar 2011	138	187	821	139.02 MB
Apr 2011	155	185	699	168.48 MB
May 2011	260	309	811	120.00 MB
Jun 2011	247	325	992	204.53 MB
Jul 2011	270	375	955	213.16 MB
Aug 2011	352	554	1547	424.17 MB
Sep 2011	335	508	1257	279.08 MB
Oct 2011	379	565	1360	318.18 MB
Nov 2011	374	518	1335	312.51 MB
Dec 2011	300	396	1223	292.31 MB
Total	2810	3922	11000	2.41 GB

THE SEWING CENTRE

A bit of interesting information! There is a little spot in the Thusong Centre where 3 lovely ladies are doing their best to cater for the sewing needs of the community.
Petro Kalolo, Griet Jacobs and Beulah Booysens have been sewing, repairing and beading for the last three years in our little town. They have recently moved their premises to the Thusong Centre which is very central and easy for everyone to get to.

They are open every day of the week from 8.00am to 5.00pm, but closed for lunch between 1.00 and 2.00. At the moment they have 3 'Bernina' sewing machines and 2 overlockers to assist them with their workload, and they tell me that no job is too small. So for those of you out there who really hate to mend, sew or bead this is the place for you.
They also have a great need for any leftover fabrics or sewing materials which they promise to put to good use – so if anyone out there wants to clear out their sewing cupboard, all donations will be gratefully accepted.

Jenny Ballantyne

VLV 8 FEBRUARIE 2012

GESONDHEID

Kom luister na 'n kundige wat praat oor
die baie interessante onderwerp, **Hipnoterapie.**

Kort demonstrasie van 'n unieke breiblokkie.

Alle Murraysburg-vroue word ook hartlik uitgenooi na die eerste VLV vergadering van 2012.
Die nuwe bestuur is almal baie gemotiveer om VLV weer vanjaar
so interessant en aangenaam moontlik aan te bied.
Kom leer, ontspan en sosialiseer in 'n aangename atmosfeer by ons vergadering !

Lede wat deelneem aan die Konferensie-kompetisies, moet asseblief hul artikels vanaf 14:00 inskryf.

KALENDER VIR FEB./MAART

8 Feb.	VLV. Sien hierbo. Vergader by die Kweperlaan
16 Feb.	Valentynsdag – Koffie en Koek by die Kweperlaan
23 Feb.	Murraysburg Omgewingsforum vergader
2 Maart	Wêreldbiddag vir Vroue in die NG Kerk. Hou KVB en Kay's Kafee nader aan die datum dop vir plakkate met volledige inligting.
10 Maart	Die VLV bederf die Hoërskool se matrieks by die Kweperlaan. Hulle kan solank hul tande slyp vir 'n interessante, aangename oggend!
16 Maart	Die VLV mini-skou vind saam met die Landbouskou op die skouterrein plaas. Kry 'n kompetisielys in die hande en kom neem deel. Daar is iets vir elkeen op die lys. Lede sowel as nie-lede is welkom.
21 Maart	NGK Basaar

CHINESE CHICKEN WINGS

Arrange pieces in an oiled baking tin. Brush over a sauce made from

30ml Sunflower oil
15ml Worcester sauce
30ml fruit chutney
30ml soy sauce
30ml tomato sauce

Grill until golden brown, turn and brush other side and grill again, about 10 min on each side.

THERESA TROSKIE DOEN DIT WEER

Nadat Theresa Troskie, boervrou van Quaggasdrift, verlede jaar een van die wenners van die resepkompetisie van Landbouweekblad was, is sy nou een van die finaliste in Leserskring se TOP 10 Tuiskokkompetisie.

Leserskring het verlede jaar 'n kompetisie vir tuiskokke uitgeskryf en deelnemers moes tien resepte van hulle keuse inskryf. Drie van hierdie resepte moes deur die deelnemer tuis gemaak en afgeneem word. Die foto's het saam met die resepte as inskrywing gedien. Die samestelling van die pakket resepte het 'n groot rol by die beoordeling gespeel en veral variasie was belangrik. Dit moes unieke, goedverwerkte resepte wees.

Uit die 150 inskrywings is daar tien finaliste, onder wie Troskie, aangewys. Hierdie tien finaliste het op 26 en 27 by die Vineyard Spa in Nuweland, Kaapstad byeengekom. Hier het die beoordelaars dan individuele onderhoude met elkeen gevoer.

Die twee dae was 'n groot bederf vir die finaliste. Nie net is hulle op heerlike en opwindend voorbereide kos getrakteer nie, maar 'n baie bekende spysenieringsfirma van Kaapstad het 'n kosdemonstrasie gelewer en vir hulle 'n spoggerige ete voorberei. Verder was daar grimeersessies, vollyfmassering en het deskundiges hulle hare onder hande geneem. So tussendeur is daar in die spa, swembad en pragtige tuine ontspan en gekuier.

Op elke finalis het daar ook 'n fotosessie van anderhalfuur met fotograaf Ivan Naudé van Johannesburg gewag. Vir die oueres en meer beplooides in die groep was die verpligte fotosessie 'n ware beproewing!

Leserskring gaan in Oktober 2012 'n resepteboek met die profiele en resepte van die wenners vrystel. Intussen verwerk die beoordelaars al die inligting, wat hulle die naweek bekom het. Die finaliste sal in September in Kaapstad byeenkom vir die aankondiging van die wenner.

Ongeag van wat ook al gebeur, het Troskie die hele proses as 'n wonderlike ondervinding beleef. Dit was vir haar 'n voorreg om met die ander finaliste, hulle lewens en maniere van kosmaak te kon kennismaak. Ten spyte van die treffende geregte wat elkeen kan optower, het Troskie besef dat hulle almal maar doodgewone vroue met 'n voorliefde vir kosmaak is.

Murraysburg is trots op Theresa Troskie!

GRANAATBOOMPROJEK LYK BELOWEND

Anders as met die meeste bemagtigingsprojekte wat in Murraysburg aangepak word, lyk dit asof die granaatboomprojek, danksy goeie bestuur, 'n sukses gaan wees. Hopenlik sal ander projekte hierby kan leer.

Ongeveer 'n jaar gelede is fondse deur die WNNR beskikbaar gestel en Alterna Fruit die verlof gegee om 12 hektaar met granaatbome te beplant. Die direkteur van Alterna Fruit, Elrita Venter, het die geleentheid net onder een voorwaarde aanvaar en dit was dat sy self sou kon besluit wie dit plaaslik sal beheer.

Granaatbome was die keuse aangesien hulle gehard is en die koue winters en warm somers sal deurstaan . Boonop is daar op die oomblik goeie markte vir die vrugte sowel as die sap.

Alterna Fruit het die grond voorberei, dit omhein en 'n besproeiingstelsel geïnstalleer voordat die twaalf hektaar aangeplant is. Twaalf persone is vir die versorging daarvan aangestel. Elke deelnemer is vir sy eie hektaar verantwoordelik, kry nou markgerigte vergoeding en sal later proporsioneel in die winste deel. Die gehalte van sy werk sal gereeld geëvalueer word. Daar is by elke hektaar 'n naambordjie van die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om selftrots en verantwoordelikheid te bevorder. Alle deelnemers is opgelei vir wat van hulle verwag word en hulle werk word deur Willem Fourie, die boordbestuurder, gekontroleer. Die opleidingsessies was oop vir die publiek sodat meer mense kon leer dat boerdery vandag wetenskaplik aangepak moet word en deurlopende werk en insette verg. Soos wat die projek vorder, sal nog opleidingsessies aangebied word.

Gedurende die eerste jaar het dit soms maar moeilik gegaan omdat daar geen skuiling teen wind en weer was nie en elke stuk gereedskap elke dag heen en weer gekarwei moes word. Nou is daar 'n geboutjie, met toilette en die nodige stoorplek opgerig.

Na die besonder koue winter moes daar ongeveer 3 000 boompies ingeboet word, maar na die twee keer se reën, wat Murraysburg einde Desember begin Januarie gehad het, lyk die boompies pragtig gesond en vol belofte. Natuurlik kompeteer die bossies en onkruid met die boompies en word hulle juis op die oomblik met onkruiddoder gespuit. Die werkers is trots op hulle toerusting en maak die nabygeleë boompies netjies toe sodat hulle nie deur die onkruiddoder beskadig sal word nie. Die eerste oes word in 2014 verwag.

Elrita Venter en van haar personeel kom met gereelde tussenposes die projek se vordering evalueer.

Al is daar op die oomblik slegs twaalf werksgeleenthede geskep, sal die sukses van die projek tot verdere uitbreiding en werkverskaffing lei. Mag ander bemagtigingsprojekte deur hierdie voorbeeld geïnspireer word en sodoende armoede help bekamp!

Willem Fourie, boordbestuurder

Jackson Flink, Jakob Bosman en Abraham Swarts besig om die onkruid by te kom

Die twaalf deelnemers aan die Granaatboomprojek gewapen teen die son.

Hendrik Haarvoor, Willem Keyser, Jackson Flink, Jakob Sekoen, Jakob Bosman, Abraham Swarts, Susanna Hendriks, Ella Louw, Mary Plaatjies, Nicolette Louw, Martha Verwey en Margaret Wagenaar